NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 10-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

SBK DAGBESTUUR OPGEWONDE OOR 2017

Die SBK Dagbestuur het op 'n besondere wyse vergader om die nuwe jaar in te gaan.

Ons eerste volwaardige vergadering as SBK Dagbestuur van Goudland Sinode het gekonstitueer op die diepste plek in die wêreld wat jy onder die aarde kan ingaan. Ons het saam besoek afgelê by Mponeng Myn buite Fochville op die N12. Onder in hierdie reuse goudmyn het die Dagbestuur iets belewe van die loutering wat mense deurmaak om goud te ontgin. Dit het ons laat dink daaraan dat ons geloof ook soos goud gelouter moet word. 1 Pet. 1:6 *"Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus."*

Tussen al die werkery en ontginning deur het ons ook opnuur weer besef dat ons kosbaar is. Ons is gekoop soos al die ander kinders van die Here daar onder in die myn met die kosbare bloed van Jesus wat meer werd is as al die goud van die hele wêreld. Pet. 1:18 *"Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie."*

Dit was vir ons almal 'n besondere voorreg om op 'n deeglike toer deur die myn te gaan en werklik op die diepste plek op aarde te kom. Dit was uitputtend en baie warm toe ons heel onder kom waar hulle boor en skiet om die goud uit te haal.

Dit was lekker om onder in die myn ook te dink aan die woorde van Ps. 139:5 *"U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip."* Om te weet dat die Here ook daar onder in die diepste myn by ons is. Wat 'n voorreg was dit om daar tot eer van Sy Naam te kon sing.

Intussen was dit vir ons 'n voorreg om deur die pragtige mielielande te ry wat die mooiste is wat dit in jare was. Die Here seën Goudland Sinode se gemeentes vanjaar met wonderlike reën. Ons dink elke keer aan die gemeentes wat totaal afhanklik is van 'n boerdery gemeenskap en dank dan die Here vir uitkoms vir hulle.

Tydens ons eerste vergadering het ons verslag gekry dat dit lyk asof daar oral in ons sinode nou meer rustigheid gekom het. Ons het ook met opgewondenheid verneem dat die kerke oor die algemeen baie voller was aan die begin van 2017 as aan 2016 se begin. Ons wil glo dat dit die begin is van 'n nuwe groeifase in ons gemeentes.

Die Dagbestuur het saam gedroom oor die beste van manier om regtig 'n verskil te maak in die lewe van ons predikante en gemeentes. Ons glo dat dit ons doel is in die volgende vier jaar. Ons gaan probeer om by almal uit te kom en na almal te luister. Ons wil regtig familie in Christus wees wat vir mekaar omgee.

Mag ons gemeentes almal 'n nuwe opgewonde bruising van geloof ervaar en mag ons as Sinode saam op 'n wenpad wees.

Ons het diep onder die aarde begin met die droom dat ons nuwe hoogtes sal bereik in Goudland.

Groete en vreugde van huis tot huis

Vlnr: Andries Kritizinger, Grant du Plessis, Irma Nel, Schalk Scott, Johan Brink, PC Pretorius, Anton Fick en Bok van Rensburg. Nico van Rensburg was afwesig vanweë 'n enkel-operasie wat hy ondergaan het.

in Goudland

Johan Brink

(Voorsitter van die SBK)

GEMEENTE-NUUS

Potchefstroom-Mooirivier word 100 jaar oud

Lief en leed: Dr. Henk Gous se pa is oorlede

Die SBK Dagbestuur het verneem dat Dr. Henk Gous, 'n vorige moderator (voorsitter) van Goudland Sinode se pa oorlede is.

Ons dank die Here vir 'n lang en geseënde lewe wat hy aan Dr. Andries Gous geskenk het. Ons dank die Here vir die groot bydrae wat Dr. Andries Gous gemaak het in ons kerk en die verskil wat hy in baie mense se lewens gemaak het.

Ons bid vir Dr. Henk Gous en sy familie vir die troos van die Here in hierdie moeilike tyd. Fil. 1: 23 "... *ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste...*"

Johan Brink

(Voorsitter van die SBK)

Andries (AGS) Gous (91) was vroeër Jeugsekretaris van die Sinode van Noord-Transvaal en predikant van Riviera met opdrag Hospitaalbediening. 'n Gedenkdiens word gehou op Woensdag, 1 Februarie om 11:00 by NG Wonderboom-Suid.

- RSVP asb indien jy/julle daarna saam met die familie wil eet en kuier. SMS asb jou naam en getalle na 0832762214 om te help met etereëlings.
- Huldeblyke kan ook gestuur word na agsgous@gmail.com.

Jannie Pelser nou entrepreneur dominee

Na 32 jaar van "gewone" gemeentelike aktiwiteit betree ds. Jannie Pelser 'n nuwe fase in sy verstaan van gestuurdheid. Jannie vertel dat die Here al geruime tyd besig is om hom voor te berei vir die nuwe seisoen. "Dit voel nogal soos "bungy jump" alhoewel ek dit nog nooit beleef het nie".

Gedurende die afgelope aantal jaar het Jannie toenemend betrokke geraak by media en publikasies. Met betrekking tot die media word Jannie gereeld oor RSG, Maroela media, Radio en Kaap Kansel ens. gehoor. Daarnaas fasiliteer hy twee televisie produksies op Kruiskyk TV asook TBN in Africa. Jannie organiseer ook Toekomsvenster wat geskikte stiltetyd materiaal beskikbaar stel aan die geloofsgemeenskap. Op datum het agt publikasies oor belangrike temas verskyn. Elk vorm deel van 'n nege weke reis wat ook in gemeentes aangebied kan word.

Jannie stel eersdaags 'n nuwe CD vry wat aansluit by sy musiek en sangbediening. Hy tree graag op uitnodiging by gemeentes op tydens eredienste en ander geleenthede.

Jannie bly verbonde aan Rant en Dal Prisma, sy geestelike tuiste maar tree voortaan as entrepreneur dominee op.

Vir meer inligting skakel Drienie by 011 6652017. Daar is ook 'n gratis toepassing (app.) beskikbaar (Toekomsvenster) met bydraes, opnames, meditasies en blog inskrywings.

ONS SINODE-NUUS

Leiersberaad 13 Maart 2017

Predikante bediening reël 'n leiersberaad vir al die lede van die SBK en en twee ringsleiers uit elke ring wat nie reeds verteenwoordig is nie.

Ons begin Maandag 13 Maart met middagete en vertrek weer op Woensdag 15 Maart na middagete. Frederick Marais sal DV die proses fasiliteer. Die volle reëlings sal later deurgee word.

Dagboek asseblief solank die datums.

Ds Gert Cordier (gert@randfontein.ng.org.za) kan genader word vir verdere inligting.

NUUS VAN DIE ALGEMENE SINODE SE KANTOOR

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Hierdie skrywe gee inligting oor twee sake naamlik die NG kerk se kommentaar op konsepwetgewing asook die onderwys.

Konsepwetgewing getiteld *Combating of Hate Crimes & Hate Speech Bill.*

Soos beloof, in my laaste skrywe, gee ek inligting deur vir moontlike kommentaar op die voorgenome wetgewing. Die teikendatum vir reaksie is 31 Januarie 2017. Indien jou gemeente wil reageer heg ek dokumente aan wat as agtergrond kan dien. Dr Marelize Marais van UOVS het 'n uitstekende dokument voorberei wat aangestuur sal word as die NG Kerk se amptelike kommentaar op dié konsepwetgewing. Klik hier om dokument, wat deur die TKR, bestaande uit die NGK, NHKA en GEKA, aangestuur sal word, af te laai.

Die adres waarna kommentaar gestuur kan word is: The Deputy Minister of Justice John Jeffery, by die volgende eposadres: NiMaweni@justice.gov.za stuur dit ook aan hatecrimes@justice.gov.za Dit wil voorkom asof die volgende punte belangrik is en kan in kommentaar aangespreek word:

- Die tydlyn is onregverdig en onbillik
- Vae formulering van sleutelkonsepte
- Die konsepwetgewing is oorbodig en word reeds grondwetlik en in ander wetgewing aangespreek
- Vryheid van spraak kom ingedrang en sal oortreders kriminaliseer
- Vryheid van godsdiens kom ingedrang en sal kerke se profetiese rol inperk.

Onderwys

Die Biddag vir onderwys val vanjaar op 12 Februarie. Skole het die ondersteuning van gemeentes broodnodig. Die NG Kerk het 'n kosbare geskiedenis van betrokkenheid by die onderwys. Gemeentes word gevra om tydens eredienste op 12 Februarie aandag te gee aan die belangrike saak. Sake waarvoor voorbidding gedoen kan word is:

- Die minister van Onderwys en plaaslike onderwys-strukture

- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde, onderwysers, dosente, ouers en leerders
- Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers en leerders
- Die rol wat organisasies soos die SAOU en FEDSAS speel om gehalte onderwys te verseker
- Kalmte en veilige omstandighede op Universiteite en Technikons vir student om te studeer
- Die saak waarin ses skole oor hul godsdiensbeleid deur die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod) voor die hof gedaag word, wat van 15 tot 17 Mei in die hooggeregshof in Johannesburg aangehoor word. Die Federasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) verteenwoordig die ses skole in die saak. Die NG Kerk is as vriend van die hof by die saak betrokke.

Klik hier om 'n gebed vir opvoeders as te laai. Klik hier vir die Engelse gebed.

In 'n volgende skrywe meer oor die NG Kerk se kommentaar op die CLR se verslag oor die kommersialisering van godsdiens. Die teikendatum vir kommentaar is die einde Februarie.

Reformasie 500

In 2017 vier ons die vyfhonderdjarige herdenking van die Reformasie. Met die oog hierop ontwikkel die Taakspan Refo 500 materiaal om gemeentes te ondersteun met dié vieringe.

Besoek gerus die Reformasie 500 webtuiste waar nuwe materiaal deurlopend beskikbaar gemaak word.

- Week van gebed
- Reformasie-oomblik vir die liturgie
- Reformasie grafika
- Bydraes uit die Tydskrif vir Hervormde Teologie

Jy kan ook hier inteken om die Refo 500 nuusbrief te ontvang en só op hoogte bly.

Groete en seën
Gustav Claassen
Algemene Sekretaris: Nederduitse Gereformeerde Kerk

ANDER NUUSBROKKIES

Reformasie 500: Gedenk en vier is g'n speletjie nie - Dirkie Smit

Daar het onlangs 'n baie insiggewende rubriek van prof Dirkie Smit in Die Burger (14 Januarie 2017) verskyn oor die 500-jarige viering van die Hervorming. (Met dank aan Verskil)

In 2017 herdenk kerke wêreldwyd die Hervorming, 500 jaar ná Luther se stellinge. Maar hoe? Hoe gedenk en vier 'n mens dié soort oomblik?

Oor jare word dié beweging as Protestantisme bekend, omdat dit gebore is uit protes teen wat destyds as misstande ervaar is. Dit word beskryf as Reformasie en Hervorming omdat die strewe was na vernuwing, herstel, terugkeer na die evangelie soos die apostels dit verkondig het en na die bedoelinge van die Skrifte wat dié evangelie verkondig.

Mettertyd sou 'n Latynse motto gewild word vir dié self-verstaan, naamlik ecclesia reformata semper reformanda secundum Verbum Dei, letterlik: 'n hervormde Kerk bly steeds aan 't hervorm ooreenkomstig Gods Woord.

Dié laaste woorde was die sleutel, "volgens Gods Woord", ooreenkomstig die bedoelinge, skopus, gerigtheid van die evangelie self. Nie alle protes is immers legitiem, nie alle besware gegrond, nie alle vernuwing sinvol nie? Dit gaan tog nié om die blote aanpassing van kleredrag en musiek, sedes en gebruike nie, maar om die bedoelinge van die evangelie self – om goeie nuus, om die nuwe gebod van liefde, om genade en ontferming en geregtigheid en lewe?

Daarby moes dié bedoelinge steeds al meer ontdék word, beter verstaan, helderder onderskei. Dis nie asof

die Kerk ooit wéét nie, dié Kerk moes steeds bly leer, núút luister, núút hoor, béter verstaan, fýner gewaar word, sensitiewer aanvoel, liefdevoller optree, regverdiger, steeds méér genadig, méér verwelkomend, méér gasvry, méér insluitend, méér diensbaar, méér versoenend, immers " 'n hervormde Kerk bly steeds aan 't hervorm". Nooit tevrede, selftevrede, selfvoldaan, gearriveer nie, nee, altyd soekend, ondersoekend en steeds ontdekkend, al méér gehoorsaam aan die roeping, al méér getrou aan die eerste liefde.

Maar natuurlik werk dit nie altyd so nie. En oomblikke van gedenk en onthou, is oomblikke om opnuut dáárvan bewus te word. Presies 50 jaar gelede word die gryse 80-jarige Protestantse teoloog Karl Barth na Rome genooi, pas ná die Katolieke Kerk se Tweede Vatikaanse Konsilie, 'n tyd van ingrypende besinning en vernuwing. Daarna vra die ekumeniese Protestantse leierskap na sy indrukke. Byna bewoë skryf Barth dat dit kan gebeur dat ander ons verbygaan deur te dóén waarop ons eintlik roem dat dit is wie óns is en wat óns doen. Dat diegene teen wie óns geprotesteer het, nou méér getrou uitleef wat ons beweer óns voor staan as onsself. Dis die moeilikheid van viering.

Ons raak dalk so meegevoer met ons ontstaan, identiteit, voortbestaan en selfbehoud dat ons vergeet van ons roeping, van waarvoor ons eintlik dáár ís. En dit geld veel méér as die Kerk. – DJS

CLF: Bronne vir Reformasie 500

Vanjaar het gemeentes die voorreg om 500 jaar van Reformasie te herdenk en Christelike Lektuurfonds sal deur die loop van die jaar as hulpmiddel, 'n reeks van 12 pamflette met verskillende temas beskikbaar stel. Elke maand sal die daaropvolgende maand se pamflet geadverteer word en gemeentes kan pamflette vroegtydig bestel om aan gemeentelede beskikbaar te stel. Pamflette is gratis en sal beskikbaar wees in Afrikaans en Engels, so hou hiermee ook Engelssprekende buurgemeentes en ander denominasies in jul area in gedagte en seën hulle met 'n bestelling van hierdie pamflette.

Hier is meer inligting beskikbaar.

Wêreldbiddag vir Vroue: 3 Maart 2017

Tema: "My genade is vir almal" - Kry inligting hier en bestel vroegtydig die brosjure.

INTERESSANTE ARTIKELS

Bybel, intelligente ontwerp, evolusie en geloof

Kan 'n mens uit 'n wetenskaplike teorie, soos intelligente ontwerp, uit die skepping self aflei dat daar 'n God is? Hoe help die Bybel ons hieroor nadink? En: wat is die rol van openbaring in die feite van die evangelie in die vorming van ons geloof? Lees meer. *(Met dank aan Grenspos)*

Mag die nuwe jaar 'n jaar vol hoop wees!!!

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS